

Verwysing: 20221202-9577  
Lêerno.: 3/3/1/1/3

Omsendbrief: 0047/2022  
Vervaldatum: 30 September 2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),  
Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale

Kort opsomming: *Bekendstelling van die implementering van die nuwe databestuurstelsel vir Fase IV van die Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief.*

**Onderwerp: Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief (PJII) binne die basiese-onderwyssektor  
– Fase IV: nuwe databestuurstelsel**

1. Die Wes-Kaapse Regering het 20 500 werksgeleenthede as deel van 'n werkskeppingsproses geïdentifiseer. Hierdie werksgeleenthede sal by openbare skole geskep word en sal deel vorm van Fase IV van die PJII, wat op 01 Februarie 2023 begin en op 30 September 2023 eindig.
2. Die inisiatief sal 'n groot bydrae lewer om deelnemende skole met leer, lees, Inligtingstegnologie, instandhouding, psigososiale ondersteuning en sportverryking te ondersteun. Dit sal ook 'n beduidende bydrae lewer om die Wes-Kaap te help om bestaande openbare indiensnemingsprogramme en ondersteuningsmaatreëls te versterk en geloofwaardige en bewysgebaseerde voorstelle vir werkskepping in die provinsie uit te brei.
3. In Fase II en III, het belanghebbendes die Departement van Basiese Onderwys se Nasionale Databestuurstelsel (NDBS) gebruik om assistente wat aangestel is se besonderhede op te laai, verlofdae in te voer, prestasiebestuur te voltooi, asook die betaalds af te teken, ens.
4. Die NDBS sal ongelukkig nie tydens Fase IV as 'n databestuurstelsel vir die projek beskikbaar wees nie.

5. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) erken dat 'n projek van hierdie omvang nie sonder 'n betroubare bestuurstelsel gelewer kan word nie, en dat skole van so 'n hulpbron afhanklik is.
6. Die WKOD-projekspan het 'n interne alternatiewe databestuurstelsel vir die bestuur van PJII-assistente en die projek se finansies ontwikkel. Hierdie stelsel sal die administrasie van die projek op skoolvlak vergemaklik en voldoen aan al die databestuursvereistes vir die projek.
7. Hierdie databestuurstelsel het op 05 Desember 2022 in werking getree en sal tot en met 09 Desember 2022 by 16 openbare skole in die provinsie geloods word.
8. Die loodsprojek stel die WKOD-projekspan in staat om die risiko's van hierdie nuwe intervensie te bestuur en enige tekortkominge identifiseer voordat die hulpbron by al die deelnemende skole in die Wes-Kaap in gebruik geneem word. Hierdie proses sal waardevolle tyd spaar vir die projek en sal verseker dat die stelsel aan ons gehaltstandaarde voldoen en geskik is vir die doel daarvan in die skooldomein.
9. Die WKOD-projekspan sal die veranderingsbestuursproses fasiliteer en sal tydens Fase IV alle deelnemende skole oplei in die databestuurstelsel.
10. Die databestuurstelsel is by uitstek gebruikersvriendelik en sal die administratiewe las wat voorheen op administratiewe personeel geplaas is, verlig.
11. 'n Gebruikershandleiding en video sal in Januarie 2023 aan skole versprei word om met die implementering van die stelsel te help.
12. Ons wil graag alle deelnemende skole bedank vir hul voortgesette ondersteuning met die proses om 20 500 nuwe werksgeleenthede in 2023 te verseker.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2022-12-10